SA STAMBOEK STUD BOOK
'n Storie met twee kante

# SANTA GERTRUDIS

## GENOMIESE TEELWAARDE VERSLAG

Junie 2026

## DIEPGEZET BOERDERY

Kudde nommer: 8191258

E-pos: carel@nobleteq.com charl@jacd.co.za
charl.hunlun@vodamail.co.za

Santa Gertrudis South Africa Since 1973

LOGIX

# EBVs, EBVi's en GEBVs

EBVi (Teelwaarde Indeks): Genetiese potensiaal relatief tot die gemiddeld (100) van die lewendige diere in die ras. Ongeveer 50% van die diere het waardes tussen 90 en 110. Waardes bo 100 is meestal in die meer gewenste rigting.

EBV (Teelwaarde): Genetiese potensiaal relatief tot die gemiddeld van die diere gebore in die basis jaar (1990), uitgedruk in die eenheid van meting.

GEBV (Genomiese Teelwaarde) Word soos EBVi geinterpreteer. (GEBV = EBV + Genomiese inligting)

LOGIX Seleksiewaardes kombineer verskillende teelwaardes op 'n sinvolle manier. So word Versvrugbaarheid (hoe vroeg begin sy kalf), Koeivrugbaarheid (hoe gereeld kalf sy) en Lanklewendheid (wat is die retensie van haar kalfwers) wetenskaplik gekombineer om die Vrugbaarheidswaarde te vorm.

# LOGIX Koeiwaarde




# Seleksie Waardes

## LOGIX Koei Waarde



Selekteer vir koeie wat:

- vrugbaar is
- swaar kalwers speen
- maklik kalf en
- met lae onderhoud

## LOGIX Groei Waarde



Selekteer vir doeltreffende groeiers op die veld en in die voerkraal, soos gemeet in Fase C & D Groeitoetse

## LOGIX Karkas Waarde



Selekteer vir meer vleis aan die karkas, soos bereken vanaf eindgewig in Fase C & D groeitoets en RTU skandering.

## LOGIX Produksie Waarde



80% Logix Koei waarde +
20% Logix Groei waarde

## Interpretasie van EBVi en Seleksie Waardes




# Hoe om die Koeiwaarde te gebruik

Sub-waardes moet ook aan seleksie doelwitte voldoen.

## GEMIDDELDE DIERE

(GEEN EKSTREME GROEI NIE)

- Seleksie Waardes 90 - 110
- Koei Waarde & Vrugbaarheidswaarde gemiddeld tot hoog

'n Veilige keuse, aangesien hierdie diere winsgewend is in meeste omgewings.

## GROEIERS

(GOEIE OMGEWING)

- Speenkalf- en Groeiwaarde > 110
- Koei Waarde & Vrugbaarheids-waarde gemiddeld tot hoog

Gewoonlik swaarder by geboorte (laer GeboorteGemak waarde) en volwasse gewig (laer Onderhoud Waarde).

## LAE-ONDERHOUD DIERE

(STRAWWE OMGEWING)

- Onderhoud Waarde >110
- Koei Waarde & Vrugbaarheidswaarde gemiddeld tot hoog

Ligter koeie het 'n laer onderhoud (hoër Onderhoud Waarde).

## Voorbeelde

| Tipe Dier | Koei waarde | Gebrte. gemakw | SpeenKalf waarde | Melk waarde | Onderh waarde | Vrugbaarh waarde |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Gemiddeld | Med-Hoog | Gemid. | Gemid. | Gemid. | Gemid. | Med-Hoog |
| Groeier | Med-Hoog | | Hoog | | | Med-Hoog |
| Lae Onderhoud | Med-Hoog | | | | Hoog | Med-Hoog |

# Kontemporêre Groepe

Die korrekte samestelling van kontemporêre groepe is een van die hoekstene van BLUP teelwaarde beramings. Teelwaardes word beraam vanaf die verskille tussen diere wat aan dieselfde omgewingstoestande blootgestel is, ***omdat die verskille deur genetika veroorsaak word***. Die volgende aspekte is belangrik:

## 1. Diere op dieselfde tyd en plek wat dieselfde behandel is

'n Kontemporêre groep is die groep diere wat SAAM op dieselfde tyd in dieselfde omgewing gemeet is. Dit is dus 'n vergelykbare groep diere wat saam op dieselfde plaas of kamp was in dieselfde jaar en seisoen. As daar diere in die groep is wat anders behandel was, moet hulle 'n aparte behandelingskode gegee word, omdat ander omgewingsinvloede hulle prestasie bepaal. Voorbeelde van ander behandelings is: diere wat byvoeding of kruipvoeding ontvang het, veiling en skoudiere, diere in embrio program, siek, hans- of pleegkalwers of selfs 'n groep aangekoopte koeie en kalwers, ens. Bul- en verskalwers of koeie en verse wat saam in dieselfde kamp geloop het, moet in dieselfde groep wees – daar word voorsiening gemaak vir geslag, ouderdom en eerste / verdere kalwings van koeie, tydens teelwaarde beraming.

## 2. Nageslag van minstens twee bulle waarvan een 'n koppelbul is

Verskillende bulle se nageslag moet in dieselfde groep met mekaar vergelyk word, sodat vaders se genetiese meriete ten opsigte van mekaar bepaal kan word. Minstens een bul moet 'n koppelbul wees met nageslag in ander kuddes, sodat genetiese bande tussen kuddes gevorm kan word en bulle se posisie in die ras bepaal kan word. KI bulle is goeie koppelbulle. Sommige bulle behoort ook in verskillende jare in dieselfde kudde gebruik te word. Kleiner kuddes kan enkele koeie kunsmatig insemineer, of sommige koeie deur 'n ander kudde se bul laat dek.

## 3. Groter groepe gee akkurater en meer stabiele Teelwaardes

Groter groepe gee akkurater en meer stabiele teelwaardes, omdat die gemiddeld en verspreiding van die groep meer akkuraat bepaal kan word en dus meer verteenwoordigend is. Groepe behoort minstens 5 diere te vergelyk, maar verkieslik meer. Weeg al die diere in dieselfde groep op dieselfde dag – korreksies word gemaak vir diere wat verskil in ouderdom. Teelseisoene vergroot ook kontemporêre groepe. Groepe met minder as 3 diere se data word uitgesluit by teelwaarde beraming. 'n Toevallige fout in 'n klein groepie affekteer die dier self, sy familie, al die ander diere in die groep en hulle families, terwyl die effek in 'n groot groep minimaal kan wees.

## 4. Meet die hele groep

Meet AL die diere in die kontemporêre groep, met ander woorde die goeie en die swak presteerders. Meet ook die diere wat uitgeskot word, sodat hulle ouers gepenaliseer kan word vir swak teling.

LOGIX BEEF CATTLE / VLEISBEESTE

# Kudde en Ras Gemiddeldes




Teelwaardes (EBV):

| | | | |
|---|---|---|---|
| Gebrte: | Geboorte gewig | Skr: | Skrotumomvang |
| Speen: | Speengewig | VV: | Versvrugbaarheid |
| Geb.mat: | Geboorte mat | KV: | Koeivrugbaarheid |
| Melk: | Melk | LL: | Lanklewendheid |
| NaSp: | NaSpeen gewig | Hgte: | Hoogte |
| Volw: | Volwasse gewig | Lngte: | Lengte |
| GDT: | Gem. Daaglikse Toename | VO: | Voeromset |

Seleksie waardes:

| | |
|---|---|
| KGemakW: | Kalfgemak Waarde |
| KGroeiW: | Kalfgroei Waarde |
| MelkW: | Melk Waarde |
| OndW: | Onderhoud Waarde |
| VugbW: | Vrugbaarheid Waarde |
| KW: | Koei Waarde |
| GW: | Groei Waarde |
| PW: | Produksie Waarde |

| | Eienskap | EBV Kudde | EBVIndeks | EBV Ras |
|---|---|---|---|---|
| Voorspeen groei | Geboorte gewig | 1.85 | 92 | 1.15 |
| | Speen gewig | 22.9 | 115 | 14.5 |
| | Geboorte Mat. | -0.30 | 106 | -0.09 |
| | Melk(Sp.Mat.) | -0.5 | 96 | 0.7 |
| Naspeen groei | NaSpeen gewig | 33.9 | 114 | 23.1 |
| | Volwasse gewig | 32 | 114 | 19 |
| | GDT | 129 | 108 | 95 |
| | Voeromset | | | |
| Vrugbaarheid | Skrotum | 16.6 | 112 | 10.1 |
| | Vers vrugbaarh. | -3.7 | 100 | -3.8 |
| | Koei vrugbaarh. | -5.0 | 97 | -5.7 |
| | LankLewendh. | 31.9 | 98 | 33.2 |
| Raam | Hoogte | 13 | 102 | 12 |
| | Lengte | 37 | 111 | 25 |

| Seleksie Waarde | Gem. Kudde |
|---|---|
| Kalf Gemak | 93 |
| Kalf Groei | 115 |
| Melk | 96 |
| Onderhoud | 89 |
| Vrugbaarheid | 98 |
| Koei waarde | 108 |
| Groei waarde | 105 |
| Produksie Waarde | 106 |

- Gemiddeld van lewendige diere in die hele ras: 100
- Bokant 100: meer gewenste rigting,
- Onder 100: minder gewenste rigting

Wat beteken 'n Seleksie Waarde bo ras-gemiddeld (100)?

| | |
|---|---|
| Kalfgemak: | Kleiner kalf by geboorte - makliker kalwing |
| Kalfgroei: | Swaarder kalf by speen a.g.v. groeikragtigheid van die kalf self |
| Melk: | Koeie met meer melk en beter moeder eienskappe |
| Onderhoud: | Diere met laer behoeftes vir onderhoud (laer volwasse gewig) |
| Vrugbaarheid: | Koeie / dogters wat vroeër en/of meer gereeld kalf. |

# Genetiese Venster

## Diere beskikbaar vir teling

### Bulle op plaas

Bulle, gebore in  en vroeër wat beskikbaar is vir natuurlike dekking

Aantal:

130
120
110
100
90
80
70

### Koei Kudde

Koeie gebore in  en vroeër

Aantal:

130
120
110
100
90
80
70

## Resultate van vorige seleksie-besluite

### Vaders van jong diere

Vaders (Natuurlike dekking en KI) van diere 3 jaar en jonger

Aantal:

130
120
110
100
90
80
70

### Koeie ouer as 6 jaar

Koeie gebore in  en vroeër

Aantal:

130
120
110
100
90
80
70

## Seleksie moontlikhede

### Bul Kalwers

Bulle gebore in

Aantal:

130
120
110
100
90
80
70

### Vers Kalwers

Verse gebore in

Aantal:

130
120
110
100
90
80
70

# Opsomming van Koei Kudde

| | | | Seleksie Waardes (SW) | | | | | | | | Kalf gewig | | Moeder | | Groei & doeltreffendheid | | | | Vrugbaarheid | | | | Raam | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Geb. Jaar | Aantal Koeie | Gemid. Koeiwaarde | Kalw. Gemak | Kalf Groei | Melk | Onder-houd | Vrug-baarh. | Koei Wrde | Groei Wrde | Prod Wrde | Geboorte gewig | Speen gewig | Geboorte Mat. | Melk (Sp.Mat.) | Naspeen gewig | Volw. gewig | GDT | Kleiber | Skrotum | Vers Vrugb. | Koei Vrugb. | Lank-Lewendh | Hoogte | Lengte |
| Koeie in Ras gemiddeld: | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |

Koeie in Kudde gemiddeld:

# Genetiese Tendense vir Plaastoets Eienskappe

Die grafieke dui genetiese vordering van die kudde in vergelyking met die ras aan. Slegs diere wat gemeet is se data word ingesluit.

Kalwingsgemak




Kalfgroei




Melk




Koei Onderhoud




Koei Vrugbaarheid




**Logix Koeiwaarde**




## Kudde

| Gebrte Jaar | Kalwingsgemak | | | | Kalfgroei | | | Melk | | | Koei Onderhoud | | | | | Koei Vrugbaarheid | | | | | | | Koei Waarde |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geboorte gewig | | | Kalf-gemak | Speen gewig | | Kalf-groei | Melk (Sp.Mat.) | | Melk | Naspeen gewig | | Volwasse gewig | | Onder-houd | Vers Vrugb. | | Koei Vrugb. | | Lanklewendh. | | Vrug-baarh. | |
| | | Dir EBV | Mat EBV | | Aantal | EBV | | Aantal | EBV | | Aantal | EBV | Aantal | EBV | | Aantal | EBV | Aantal | EBV | Aantal | EBV | | |
| 2016 | | | | | | | | | | | | | | | | 11 | -13.2 | 7 | -4.7 | 11 | 19.2 | **96** | |
| 2017 | | | | | | | | | | | | | | | | 7 | -16.2 | 6 | -6.1 | 7 | 24.8 | **105** | |
| 2018 | | | | | 27 | 13.4 | **98** | 27 | 0.80 | **101** | 27 | 19.4 | | | **101** | 17 | -10.8 | 16 | -4.6 | 41 | 21.0 | **97** | |
| 2019 | | | | | 77 | 11.4 | **94** | 77 | 0.38 | **99** | 69 | 20.5 | | | **107** | 40 | -4.2 | 21 | -6.7 | 80 | 27.1 | **99** | |
| 2020 | 42 | 0.35 | 0.06 | **110** | 45 | 13.2 | **97** | 45 | 1.98 | **104** | 28 | 26.7 | | | **104** | 15 | -3.1 | | | 47 | 27.6 | **99** | **102** |
| 2021 | 60 | -0.13 | -0.05 | **116** | 60 | 11.5 | **94** | 60 | 0.32 | **99** | 54 | 20.1 | | | **108** | | | | | 71 | 28.1 | | **99** |
| 2022 | 81 | -0.04 | 0.02 | **115** | 63 | 12.0 | **95** | 63 | 1.26 | **102** | 4 | 19.9 | | | **104** | | | | | 5 | 25.7 | | **101** |
| 2023 | 67 | 0.32 | 0.08 | **111** | 6 | 11.4 | **94** | 6 | -0.77 | **95** | | | | | | | | | | | | | **96** |

## Ras

| Gebrte Jaar | Kalwingsgemak | | | | Kalfgroei | | | Melk | | | Koei Onderhoud | | | | | Koei Vrugbaarheid | | | | | | | Koei Waarde |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Geboorte gewig | | | Kalf-gemak | Speen gewig | | Kalf-groei | Melk (Sp.Mat.) | | Melk | Naspeen gewig | | Volwasse gewig | | Onder-houd | Vers Vrugb. | | Koei Vrugb. | | Lanklewendh. | | Vrug-baarh. | |
| | Aantal | Dir EBV | Mat EBV | | Aantal | EBV | | Aantal | EBV | | Aantal | EBV | Aantal | EBV | | Aantal | EBV | Aantal | EBV | Aantal | EBV | | |
| 2016 | 2689 | 1.09 | -0.08 | **101** | 1903 | 13.6 | **98** | 1903 | -0.15 | **97** | 513 | 20.0 | 171 | 13 | **105** | 1216 | -3.2 | 898 | -4.6 | 5845 | 24.3 | **94** | **93** |
| 2017 | 2776 | 1.13 | -0.10 | **100** | 2154 | 14.3 | **100** | 2154 | -0.17 | **97** | 642 | 20.4 | 214 | 14 | **106** | 1172 | -4.0 | 865 | -4.7 | 5743 | 25.8 | **96** | **93** |
| 2018 | 2953 | 1.04 | -0.09 | **101** | 2127 | 15.2 | **101** | 2127 | -0.55 | **96** | 545 | 22.6 | 259 | 13 | **105** | 1227 | -3.7 | 816 | -5.4 | 5928 | 26.4 | **97** | **98** |
| 2019 | 3204 | 1.14 | -0.09 | **100** | 2828 | 14.5 | **100** | 2828 | -0.02 | **98** | 800 | 23.7 | 299 | 15 | **102** | 1176 | -3.7 | 834 | -5.7 | 5917 | 27.6 | **98** | **97** |
| 2020 | 3446 | 1.14 | -0.11 | **100** | 3076 | 14.9 | **101** | 3076 | 0.02 | **98** | 695 | 24.1 | 284 | 17 | **102** | 1169 | -3.4 | 671 | -5.7 | 5916 | 28.1 | **99** | **98** |
| 2021 | 3336 | 1.21 | -0.17 | **100** | 3400 | 15.5 | **102** | 3400 | 0.39 | **99** | 732 | 23.0 | 264 | 17 | **101** | 1027 | -3.8 | 545 | -5.9 | 5233 | 29.8 | **101** | **100** |
| 2022 | 3472 | 1.17 | -0.15 | **100** | 3743 | 15.2 | **101** | 3743 | 0.08 | **98** | 748 | 23.5 | 178 | 18 | **100** | 765 | -3.7 | 172 | -6.3 | 1566 | 29.3 | **101** | **100** |
| 2023 | 3301 | 1.23 | -0.18 | **100** | 3165 | 16.5 | **104** | 3165 | -0.20 | **97** | 700 | 24.5 | 31 | 23 | **101** | 247 | -2.3 | 2 | -8.6 | | | **103** | **102** |
| 2024 | 3294 | 1.17 | -0.17 | **101** | 3254 | 16.1 | **103** | 3254 | 0.61 | **100** | 574 | 26.6 | | | **99** | 3 | -5.1 | | | | | **114** | **104** |
| 2025 | 2806 | 1.10 | -0.13 | **102** | 1485 | 15.9 | **103** | 1485 | 1.02 | **101** | 145 | 16.0 | | | **104** | | | | | | | | **105** |
| 2026 | 676 | 1.04 | -0.10 | **102** | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |

# Genetiese Tendense vir Groeitoets en Karkas Eienskappe

Voeromset



GDT



Skrotum



Hoogte



Lengte



RTU Oogspier oppervl



RTU Vet



RTU Marmering



Karkas Waarde



Groeiwaarde



Produksie Waarde




## Kudde

| Gebrte Jaar | Groei | | | | | | | | | Raam | | | | | | Karkas | | | | | | | Seleksie Waardes | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Voeromset | | | GDT | | | Skrotum | | | Hoogte | | | Lengte | | | RTU Aantal | Oogsp. | | Vet | | Marmering | | Karkas Waarde | Groei waarde | Prod Waarde |
| | Aantal | EBV | EBVi | Aantal | EBV | EBVi | Aantal | EBV | EBVi | Aantal | EBV | EBVi | Aantal | EBV | EBVi | | EBV | EBVi | EBV | EBVi | EBV | EBVi | | | |
| 2017 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 2018 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 2019 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 2020 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 2021 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 2022 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 2023 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |

## Ras

| Gebrte Jaar | Groei | | | | | | | | | Raam | | | | | | Karkas | | | | | | | Seleksie Waardes | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Voeromset | | | GDT | | | Skrotum | | | Hoogte | | | Lengte | | | RTU Aantal | Oogsp. | | Vet | | Marmering | | Karkas Waarde | Groei waarde | Prod Waarde |
| | Aantal | EBV | EBVi | Aantal | EBV | EBVi | Aantal | EBV | EBVi | Aantal | EBV | EBVi | Aantal | EBV | EBVi | | EBV | EBVi | EBV | EBVi | EBV | EBVi | | | |
| 2017 | 73 | -23 | **103** | 285 | 94 | **100** | 299 | 9.4 | **99** | 288 | 11 | **99** | 285 | 24 | **100** | 202 | 0.46 | **97** | -0.06 | **98** | 0.61 | **102** | **99** | **98** | **95** |
| 2018 | 47 | -22 | **102** | 220 | 85 | **98** | 275 | 9.1 | **98** | 248 | 11 | **98** | 220 | 22 | **98** | 123 | 0.82 | **101** | 0.06 | **99** | 0.78 | **104** | **103** | **96** | **101** |
| 2019 | 55 | -26 | **106** | 256 | 101 | **101** | 338 | 10.2 | **100** | 253 | 13 | **101** | 183 | 27 | **103** | 206 | 0.95 | **103** | -0.42 | **95** | 0.50 | **100** | **102** | **99** | **97** |
| 2020 | 30 | -25 | **105** | 229 | 95 | **100** | 292 | 10.7 | **101** | 170 | 14 | **103** | 138 | 32 | **107** | 206 | 0.63 | **99** | 0.25 | **101** | 0.86 | **105** | **103** | **98** | **101** |
| 2021 | 35 | -19 | **99** | 271 | 101 | **102** | 299 | 14.8 | **109** | 278 | 12 | **100** | 271 | 27 | **102** | 196 | 1.01 | **104** | 0.28 | **101** | 0.85 | **105** | **105** | **100** | **99** |
| 2022 | 22 | -21 | **101** | 198 | 105 | **103** | 198 | 14.6 | **108** | 198 | 13 | **102** | 198 | 28 | **104** | 83 | 1.36 | **108** | 0.35 | **101** | 0.99 | **106** | **108** | **101** | **100** |
| 2023 | 28 | -35 | **113** | 154 | 110 | **104** | 154 | 12.7 | **105** | 154 | 12 | **100** | 154 | 28 | **103** | 99 | 1.38 | **108** | 0.62 | **103** | 1.14 | **108** | **112** | **102** | **100** |
| 2024 | 28 | -28 | **107** | 96 | 148 | **113** | 95 | 14.8 | **109** | 135 | 15 | **105** | 135 | 37 | **111** | 104 | 1.51 | **110** | 0.64 | **104** | 0.98 | **106** | **114** | **111** | **108** |
| 2025 | | | | 7 | 82 | **97** | 7 | 16.1 | **111** | 19 | 10 | **97** | 19 | 20 | **96** | 2 | 1.79 | **113** | 1.49 | **110** | 3.03 | **132** | | **96** | **107** |
| 2026 | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |

# Vaders van Diere

| Bul: ID / Naam | Pa ID / Ma ID | Kalw. Gemak Wrde | Kalf Groei Wrde | Melk Wrde | Onderh Wrde | Vrugb. Wrde | Koei Wrde | Groei Wrde | Prod Wrde | Geboorte gewig | Speen gewig | Geboorte Mat. | Melk Sp.Mat. | NaSpn gewig | Volw. gewig | GDT | Voer omset | Skrotum | Vers Vrugb. | Koei Vrugb. | Lank-Lewend | Hoogte | Lengte | OogSp. Oppervl | Vet | Marm | Gbrte Groei toets | Speen Dogt/Kalw. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | **Seleksie Waardes (SW / Akk)** | | | | | | | | **Kalf gewig** | | **Moeder** | | **Groei & doeltreffendheid** | | | | **Vrugbaarheid** | | | | **Raam** | | **Karkas** | | | **Gemete Nageslag** | |
| **DJW 140035**<br>14035DJW | DJW 100033<br>DJW 030002 | **109**<br>94 | **98**<br>94 | **94**<br>88 | **100**<br>82 | **88**<br>86 | **92**<br>85 | **80**<br>85 | **86**<br>85 | **104**<br>0.77<br>95 | **98**<br>13.2<br>94 | **120**<br>-0.87<br>88 | **94**<br>-1.2<br>88 | **93**<br>17.8<br>88 | **99**<br>18<br>82 | **82**<br>20<br>88 | **108**<br>-29<br>81 | **73**<br>-4.9<br>90 | **94**<br>1.3<br>87 | **91**<br>-3.7<br>81 | **89**<br>25.9<br>91 | **90**<br>6<br>90 | **92**<br>16<br>89 | **93**<br>0.11<br>88 | **100**<br>0.16<br>87 | **114**<br>1.60<br>86 | 51<br>13 | 44<br>11 21 |
| **DJW 170029**<br>170029DJW | DJW 130029<br>DJW 100026 | **119**<br>96 | **107**<br>96 | **113**<br>92 | **93**<br>90 | **96**<br>92 | **116**<br>88 | **104**<br>94 | **113**<br>89 | **117**<br>-0.31<br>97 | **107**<br>18.2<br>96 | **100**<br>-0.11<br>92 | **113**<br>4.5<br>92 | **115**<br>34.4<br>93 | **106**<br>25<br>90 | **107**<br>126<br>93 | **89**<br>-6<br>93 | **130**<br>26.4<br>95 | **95**<br>-0.2<br>91 | **96**<br>-4.7<br>90 | **102**<br>34.6<br>94 | **66**<br>-9<br>96 | **102**<br>27<br>95 | **119**<br>2.29<br>95 | **112**<br>1.66<br>94 | **116**<br>1.78<br>94 | 122<br>21 | 84<br>8 10 |

Indeks / EBV / Akk; Nie getoets / Verifiëer / Konflik

# Teelwaarde Indekse en Akkuraathede: Bulle

Groen: >120 Hoog
Wit: 80-120 Gemiddeld
Oranje: <80 Laag

Inteling in rooi is hoog

Wrde <80 | Wrde >120

Teelwaardes met 'n akkuraatheid < 5% word nie gedruk nie

| ID / Dier nr / Naam | % Inteling | Pa ID / Ma ID | Geb Gemak W | Kalf Groei W | Melk W | Onderh. W | Vrugbaarh W. | Koei Wrde | Groei Wrde | Prod. Wrde | Karkas W | Gebrte gewig | Gebrte mat | Koei Gewig | Speen gewig | Speen mat | Koei- Kalf verh. (Spn) | NaSpn gewig | GDT | Voeromset | Skrotum | Vers Vrugb. | Koei Vrugb. | Lanklewendh. | Hoogte | Lengte | OogspOpperv | Vet | Marmering |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Dier** | | | **Seleksie Waardes (SW / Akk)** | | | | | | | | | **Geboorte** | | **Speen** | | | | **Groei** | | | **Vrugbaarheid** | | | | **Raam** | | **Karkas** | | |
| **DJW 190010**<br>291226025<br>190010DJW | 1 | DJW 140035<br>DJW 150002 | **100**<br>72 | **101**<br>57 | **83**<br>55 | **108**<br>32 | **99**<br>44 | **94**<br>52 | **86**<br>39 | **89**<br>49 | **83**<br>46 | **99**<br>1.21<br>77 | **104**<br>-0.24<br>53 | **91**<br>11<br>32 | **101**<br>15.3<br>57 | **83**<br>-4.4<br>55 | **90**<br>28<br>48 | **97**<br>21.0<br>46 | **90**<br>53<br>48 | **110**<br>-31<br>27 | **91**<br>5.4<br>51 | **101**<br>-4.9<br>45 | **99**<br>-5.4<br>27 | **96**<br>30.6<br>60 | **86**<br>3<br>52 | **90**<br>14<br>51 | **95**<br>0.30<br>47 | **85**<br>-1.71<br>45 | **102**<br>0.65<br>44 |
| **DJW 200010**<br>291263234<br>200010 | 1 | DJW 170029<br>DJW 170019 | **86**<br>72 | **129**<br>68 | **109**<br>49 | **70**<br>33 | **97**<br>43 | **121**<br>55 | **124**<br>45 | **122**<br>53 | **127**<br>48 | **84**<br>2.48<br>79 | **107**<br>-0.36<br>46 | **137**<br>53<br>33 | **129**<br>30.5<br>68 | **109**<br>3.3<br>49 | **119**<br>99<br>50 | **131**<br>46.8<br>48 | **126**<br>206<br>47 | **109**<br>-30<br>41 | **132**<br>27.7<br>50 | **98**<br>-2.5<br>44 | **95**<br>-4.7<br>27 | **100**<br>33.2<br>58 | **117**<br>22<br>51 | **132**<br>59<br>51 | **136**<br>3.69<br>49 | **103**<br>0.52<br>47 | **113**<br>1.54<br>47 |

Indeks / EBV / Akk

# Teelwaarde Indekse en Akkuraathede: Koeie & Verse

Groen: >120 Hoog
Wit: 80-120 Gemiddeld
Oranje: <80 Laag

Inteling in rooi is hoog

Wrde <80 | Wrde >120

Teelwaardes met 'n akkuraatheid < 5% word nie gedruk nie

| Dier | | | Seleksie Waardes | | | | | | | | | Geboorte | | Speen | | | | Groei | | | Vrugbaarheid | | | | Raam | | Karkas | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Indeks EBV Akk / ID Dier nr | % Inteling | Pa ID Ma ID | Geb Gemak W | Kalf Groei W | Melk W | Onderh. W | Vrugbaarh W. | Koei Wrde | Groei Wrde | Prod. Wrde | Karkas W | Gebrte gewig | Gebrte mat | Koei Gewig | Speen gewig | Speen mat | Koei- Kalf verh. (Spn) | NaSpn gewig | GDT | Voeromset | Skrotum | Vers Vrugb. | Koei Vrugb. | Lanklewendh. | Hoogte | Lengte | OogspOpperv | Vet | Marmering |

## Seleksie Lys volgens Koeiwaarde
## Bulle 2 jaar en ouer

| | ID (Gesorteer op ID) | Naam | Vader ID | Moeder ID | % Inteling | Horings / Poenskop | Myostatin nt821 | Myostatin Q204X | Myostatin F94L | Genomiese toets | Gebrte Gemak Wrde | Akk | Kalf Groei Wrde | Akk | Melk Wrde | Akk | Onderh. Wrde | Akk | Vrugb. Wrde | Akk | Koei Wrde | Akk | Groei Wrde | Akk | Prod Wrde | Akk |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | | | | | | | | | | | ★★★★½ | | | | | | | | | |
| 1 | DJW 200010 | 200010 | DJW 170029 | DJW 170019 | 0.8 | | | | | | 86 | 72 | 129 | 68 | 109 | 49 | 70 | 33 | 97 | 43 | 121 | 55 | 124 | 45 | 122 | 53 |
| | | | | | | | | | | | | | | | | | ★★★ | | | | | | | | | |
| 1 | DJW 190010 | 190010DJW | DJW 140035 | DJW 150002 | 1.2 | | | | | | 100 | 72 | 101 | 57 | 83 | 55 | 108 | 32 | 99 | 44 | 94 | 52 | 86 | 39 | 89 | 49 |

Beskrywing van Teelwaardes en Eienskappe. Die doel verwys na 'n algemene doelwit, en individuele doelwitte mag verskil.

| | Waarde | Beskrywing | Doel | Lae waarde | Hoë waarde |
|---|---|---|---|---|---|
| Seleksie Waardes | Geboortegemak Waarde | Risiko vir kalwingsprobleme (te swaar kalf) | Gem. geboorte gewig | Groot | Klein |
| | Kalfgroei Waarde | Kalf se genetiese vermoë vir voorspeense groei | Swaar speenkalf | Lig | Swaar |
| | Melkwaarde | Koei se moederlike vermoë (geneties) | Goeie moeder | Swak | Goed |
| | Onderhouds Waarde | Onderhoudsbehoefte van koei (Koeigewig en Melk) | Lae koei onderhoud | Hoë | Laag |
| | Vrugbaarheids Waarde | Vrugbaarheid en retensie van verse en koeie | Vrugbaarder koeie | Laag | Hoog |
| | Koeiwaarde | Kombinasie van Geboortegemak -, Kalfgroei-, Melk-, Onderhoud- & Vrugbaarheidwaardes (Rand-waarde) | Winsgewende Koeie | Verlies | Wins |
| | Groeiwaarde | Doeltreffende groei op veld en in voerkraal (R-waarde) | Winsgewende groei | Verlies | Wins |
| | Produksie Waarde | Kombinasie van Koei- en Groeiwaarde (R-waarde) | Winsgewende diere | Verlies | Wins |
| | Karkaswaarde | Vleis aan karkas (Gewig en RTU EBVs) | Meer vleis aan karkas | Min | Baie |
| Ge-boorte | Koei Gewig G | Koeigewig by geboorte van kalwers | Gem. volwasse koeigewig | Lig | Swaar |
| | Gebrtegewig | Geboorte gewig (Kalf se genetiese vermoë) | Gem. geboorte gewig | Swaar | Lig |
| | Koei-Kalf Geb | EBV Geboorte direk / EBV Volwasse koeigewig | Gemiddeld | Laag | Hoog |
| Speen | Koei Gewig Sp | Koeigewig by speen van kalwers | Gem. volwasse koeigewig | Lig | Swaar |
| | Speengewig | Speengewig (Kalf se genetiese vermoë) | Swaar speenkalwers | Lig | Swaar |
| | Speen Mat | Speengewig (Moeder se genetiese vermoë) | Goeie moeders | Sleg | Goed |
| | Koei-Kalf Speen | EBV Speen direk / EBV Volwasse koeigewig | Hoë kalf-koei verh. | Laag | Hoog |
| Groei en Aanpassing | Na-Speen Gewig | 12- en 18 maande gewigte | Goeie naspeense groei | Laag | Hoog |
| | GDT | Gemiddelde daaglikse toename in Groeitoets (Fase C&D) | Goeie groei | Swak | Goed |
| | Veldgroei | GDT op veld (Fase B) | Goeie aanpassing op veld | Swak | Goed |
| | Voeromset Verhouding | 100g voer gevreet / g gewig toegeneem | Voer doeltreffendheid | Swak | Goed |
| | Veldikte | Gemeet in Groeitoetse | Dikker velle | Dun | Dik |
| Vrugbaar-heid | Skrotumomtrek | Soos gemeet tydens die groeitoets | Vrugbare bulle | Minder | Meer |
| | Vers Vrugbaarheid | Ouderdom met eerste kalwing | Vrugbare verse | Minder | Meer |
| | Koei Vrugbaarheid | Eerste 3 tussen-kalf periodes (TKPs) | Vrugbare koeie | Minder | Meer |
| | Lanklewendheid | Retensie van nageslag | Aanvaarbare nageslag | Swak | Goed |
| Raam | Eindgewig | Eindgewig in dit groeitoets | Swaar karkasse | Lig | Swaar |
| | Hoogte | Skouer / Heup hoogte in groeitoets | Gemiddelde hoogte | Kort | Hoog |
| | Lengte | Lengte in groeitoets | Langer vir meer vleis | Kort | Lank |
| | Lengte /Hoogte | EBV Lengte / EBV Hoogte Verhouding | Langer eerder as Hoër | <1 | >1 |
| Karkas | Oogspieroppervlak | Oogspier oppervlak gemeet met RTU | Meer vleis | Klein | Groot |
| | Vetdikte | P8 Rugvet dikte gemeet met RTU | Karkasgehalte | Dun | Dik |
| | Marmering | % Binne-spierse Vet gemeet met RTU | Sappige vleis | Min | Baie |
| | Uitslag% | Uitslag persentasie | | Laag | Hoog |

# Notas

## Die interpretasie van EBVs, EBVi's, Sub-Waardes en Seleksie Waardes:

**EBVi (EBVindeks)** Die teelwaarde indeks is makliker om te interpreteer as 'n teelwaarde, veral vir kommersiële boere wat stoet bulle wil koop. Die basis van 'n teelwaarde indeks is 100, wat die gemiddelde teelwaarde van die lewendige diere in die ras aandui. Waardes bo 100 is altyd in die meer gewenste rigting: die dier met 'n OEK teelwaarde van -2, sal 'n teelwaarde indeks van bv 105 kry (afhangend van die ras), wat aandui dat die dier 'n bogemiddelde genetiese potensiaal het vir OEK ten opsigte van die lewendige diere in die ras. Let wel dat hoewel waardes bo 100 in die meer gewenste rigting is, beteken dit nie dat alle teelwaarde indekse noodwendig so hoog as moontlik moet wees nie – vir sommige eienskappe, bv geboorte gewig, is gemiddeld meer gewens.

**EBV: (Estimated Breeding Value, Teelwaarde)** Die teelwaarde dui die genetiese potensiaal van die dier vir 'n spesifieke eienskap aan. Dit word aangedui in die eenheid van meting en relatief tot die gemiddeld van die diere wat in die basis jaar gebore is (1990 vir meeste rasse en eienskappe). Vir party eienskappe is hoër beter, terwyl vir ander laer teelwaardes weer beter is, bv. Die EBV vir OEK (Ouderdom met eerste kalf) = -2 dui daarop dat die dier 'n genetiese potensiaal het om 2 dae vroeër te kalf as die gemiddelde dier in 1990. Hoe vroëer sy kalf, hoe beter. Netso is 'n hoër teelwaarde van +5kg vir speengewig ook voordelig, omdat dit op swaarder speen kalwers dui.

**Sub-waardes** van die Logix Koei Waarde word ook gepubliseer. Die subwaardes kombineer soortgelyke teelwaardes op 'n wetenskaplike manier om die seleksie van diere nog makliker te maak. So word OEK (Ouderdom eerste kalf) en TKP (Tussen kalf periode) wetenskaplik gekombineer om die subwaarde Vrugbaarheid te vorm, deur die oorerfbaarheid en ekonomiese belang van die eienskappe in ag te neem. Die subwaardes word in indeks formaat aangedui, so 'n dier met byvoorbeeld 'n subwaarde van 110 vir Vrugbaarheid, sal geneties bogemiddeld wees ten opsigte van lewendige diere in die ras vir vrugbaarheid.

**Logix Seleksie Waardes (Logix Koei Waarde, Logix Groei Waarde en Logix Produksie Waarde)** is die kombinasie van die teelwaardes in 'n enkele waarde. Dit gee 'n vinnige en maklike indikasie van die gekombineerde genetiese waarde van die dier ten opsigte van sy ras. Daar word egter aanbeveel dat daar ook na die subwaardes gekyk word in die geval van die Logix Koei Waarde, aangesien diere wel verskillende swak en sterk punte het.

## Hoe om teelwaardes te gebruik om diere mee te selekteer

Om diere op teelwaardes te selekteer is baie maklik as mens weet hoe. Daar is 'n gesegde wat sê: 'Goeie voeding kan swak teling wegsteek'. Indien 'n dier baie goed gevoer word, sal hy uitstekend lyk, hoewel hy eintlik geneties swak kan wees – hy dra nie sy voortreflikheid oor aan sy nageslag nie. Dit is beter om vir diere te teel wat aangepas is by die omgewing – om gedurig die omgewing by die dier aan te pas, kan duur wees.

Die rede waarom teelwaardes 'n baie waardevolle hulpmiddel is in die seleksie van diere, is juis omdat die effek van die omgewing, en veral voeding, so groot is. Die enigste manier om die voedingseffek van die omgewingseffek te skei, is die wetenskaplike manier. Dit behels die meting van diere se prestasie onder gekontroleerde omstandighede en volledige rekordhouding en stamboominligting. *As prestasie meting nie korrek gedoen word nie, sal die teelwaardes van sulke diere ook nie bruikbaar wees nie.* Hou ook in gedagte dat teling 'n langtermyn opsie is: die effek van die bul wat vandag aangekoop word, sal nog lank gevoel word in die kudde: as dit 'n goeie keuse is, sal sy dogters koeie word in die kudde en deel van die winsgewendheid van die kudde in die toekoms. Selfs al is die bul nie perfek in alle opsigte nie, as mens weet wat sy genetiese tekortkominge is, kan dit bestuur word deur hom op geskikte koeie te gebruik Eienskappe is ook geneties gekorreleerd aan mekaar: indien daar byvoorbeeld slegs vir maksimum speengewigte geselekteer word, sal geboortegewigte ook toeneem, wat kan lei na moeilike geboortes. Teelwaardes vir beide speen- en geboortegewig behoort dus in ag geneem word tydens seleksie.

## Hoe om die kudde geneties te verbeter

Die eerste en mees belangrike aspek is om te weet watter tipe dier die kudde geneties sal verbeter. Dit kan bepaal word deur verskeie faktore, bv. :

**Wat gebeur met die kalwers?** Byvoorbeeld: vervangingsverse om ouer koeie te vervang; stoetdiere; verkoop aan kommersiele telers; speenkalwers; ens.

**Hoeveel voer is beskikbaar?** Die hoeveelheid voer (of die strafheid van die omgewing) bepaal gewoonlik die optimum raamgrootte. Indien voer of omgewing goed is, sal groter raam diere meer winsgewend wees, terwyl medium raam diere meestal meer geskik is vir strawwer omgewings.

**Wat is die genetika van die koeikudde?** Is hulle dalk die verkeerde raamtipe, of het nie genoeg melk nie, ens. Teel kalwers wat beter presteer as hulle moeders deur die korrekte bulle te selekteer.